

## VERGADERING MET ADJUNK MINISTER VAN MINERALE SAKE & ANDER:

Ons was bevoorreg om uitgenooi te word na 'n vergadering met die Adjunk Minister van Minerale Sake, Mnr. Godfrey Oliphant, bygestaan deur die waarnemende HUB van die Regulator en die waarnemende HUB van die "STATE DIAMOND TRADER". Ten spyte van die feit dat ons die uitnodiging eers die Saterdag ontvang het en die vergadering geskeduleer was vir die Maandag, het ons alles in ons vermoë gedoen om daar te wees.

SADPO was baie goed ontvang en het dan ook genoeg geleentheid gekry om ons saak te stel ten aanhoor van die Adjunk Minister en ek het gesien dat hy aantekeninge maak hieromtrent. Ons versoek was dat daar 'n "steering committee" aangestel moet word waarop op SADPO, die REGULATOR, "State Diamond Trader", asook die DMR verteenwoordig moet wees. Hulle uitsluitlike taak sal wees om AL DIE PROBLEME WAT MAG ONTSTAAN OF WAT REEDS BESTAAN te identifiseer. Dit is nou in die klein alluviale diamantbedryf (die klem is hier dat die paneel almal sal saamstem oor wat die probleme is) Dit is FASE 1.

FASE 2 sal dan bestaan uit die uitmekaar trek van die probleme in die soeke na oplossings wat vir almal aanvaarbaar is.

Die Minister het my direk gevra wat ons sien as die twee grootste probleme. My antwoord was dat die wagtydperk (wat veronderstel is om nie langer as 300 werksdae te wees nie) vir die uitreik van permitte en regte aan die kant uitstaan, maar dat die oorregulering en onpraktiese wetgewing aan die anderkant, dit vir ons byna onmoontlik maak om aan te gaan met dit waarvoor ons so lief is naamlik – die myn van diamante! Hiermee saam het ons geraak aan die trae uitbetaling van Rehabilitasiewaarborges na goedgekeurde sluitingsertifikate reeds uitgereik is. Daar is ook uitgestippel dat daar gronde is waarop regte toegestaan is, maar nooit uitgevoer is nie, wat dan uit die aard van die saak sulke gronde op ys sit. Hiermee saam is daar gronde waar die regte wel uitgevoer is, maar nie gemyn word nie. Die uitdaging is toe aan my gestel om vir hom voorbeelde van sulke gevalle te bring. Hiermee vra ek u as ons lede se hulp – indien u vir ons kan voorbeelde gee van sulke gevalle, laat ons dit asseblief kry en ook so gou moontlik.



Behalwe vir die direkte versoek om vir hom voorbeelde te bring is geen een van die ander aspekte verder bespreek nie. Dit sal die werk van die Komitee wees.

Samevattend voel ek dat dit 'n goeie gesprek was en vertrou ons dat daar wel iets positief hieruit sal voortvloei.

*Gert van Niekerk – SADPO Voorsitter*



## 2017 ALGEMENE JAAR-VERGADERING:

Ons algemene jaarvergadering sal plaasvind te **Wolmaransstad op 7 November 2017** en te **Kimberley op 8 November 2017**. Ons vra dat u hierdie datums in u dagboeke sal aanteken en ons hoop werklik om u daar te sien. Die finale besonderhede sal nader aan die tyd deurgegee word.

Die vergadering is oop vir alle lede, asook voorneme lede. Ons gaan tydens die vergadering gesels oor SADPO se finansies, asook waarmee ons op die oomblik besig is en ons planne vir die toekoms. **Kom luister gerus wat SADPO vir jou beteken!**

## BESOEK AAN NOORD WES DMR SE HOOF INSPEKTEUR:

Ons stel u graag in kennis dat ons onlangs 'n vergadering met Mnr. Thabo Ngwenya en sy inspekteurs gehad het te Klerksdorp. Die vergadering het gehandel oor al die Inspeksievraelyste wat ons van ons Noord Wes lede ontvang het. Ons het aan hulle uitgewys waar daar verbeteringe was, maar ook waar dinge slegter gegaan het. Almal (DMR & SADPO) het onderneem om die kommunikasie oop te hou en het Mnr. Ngwenya weer herhaal dat indien daar enige probleme met 'n inspeksie / inspekteur is, verwag hy dat u hom dadelik sal skakel en die probleem onder sy aandag bring sodat hy kan poog om dit op te los.



## OPSKORTING VAN NUWE PERMITTE EN HERNUWING VAN BESTAANDE REGTE:

Die kennisgewing wat die Minister van Minerale Hulpbronne gepubliseer het op 19 Julie 2017 om die uitreiking van alle nuwe myn & prospekteer permitte, asook die hernuwing van bestaande regte op te skort, sal nie geïmplementeer word nie. Ons sal u op hoogte hou van enige verdere verwikkelinge in hierdie verband.

## GESELS MET ONS!

Jy kan met ons kontak maak deur ons webwerf & deur die Forum op die webwerf (eksklusief vir SADPO-lede), per epos, of op ons [LinkedIn profiel](#). Jy is ook welkom om die Dagbestuur te skakel. **ONS WIL GRAAG VAN ONS LEDE HOOR!**

## TENDER DATUMS:

Hiermee die volgende 2 maande se tender datums vir u gerief:

11 – 14 September  
23 – 26 Oktober

## MAIL & GUARDIAN ARTIKEL:

Die aangehegte artikel is onlangs in die Mail & Guardian koerant gepubliseer en deel ons dit graag met almal. Ons glo dit is 'n goeie artikel wat ons lede se struikelblokke goed uitbeeld.

## LEGAL LIABILITY KURSUSSE:

Baie dankie aan almal wat die kursus in Wolmaransstad & Windsorton bygewoon het. Sonder jul bywoning, sou dit nie so 'n groot sukses gewees het nie. Hierdie opleiding is verpligtend en is ons bly dat u die wette wat op u van toepassing is, gehoorsaam. Ons gaan binnekort foto's van die kursusse op ons webwerf publiseer – kyk asb uit daarvoor.



## VERSAMELING VAN STATISTIEKE:

Ons is steeds besig met die geweldige taak om ons industrie se statistieke te bekom. Hierdie inligting is van kardinale belang wanneer ons in gesprek tree met die verskeie rolspelers in die bedryf, hetsy dit die privaatsektor is of die Staat. Ons wil 'n beroep op almal doen, nie net SADPO lede nie, maar almal in die bedryf, om asseblief die aangehegte Statistiekvorm te voltooi en aan die Sekretaris te stuur. Sonder almal se inligting kan ons nie die prentjie behoorlik inkleur nie. Die vorm is anoniem en word u individuele inligting nie bekend gemaak nie. Dit word saamgevoeg as 'n globale syfer / statistiek. Ons maak staat op u samewerking.

**NASIONALE KOMITEELEDE:** Gert van Niekerk (Voorsitter), Jaap van Heerden (Onder-Voorsitter), Pieter Keeve (Tesourier), Amos Davids, Lyndon de Meillon, Rick Hattingh, Anton Jacobs, Johan Keyser, Willie Marx, Lukas Steyn, Ben van der Pos

**TENDERHUISE:** CS Diamonds, NDM

**SUB-KOMITEE VIR OMGEWINGSAKE:** Gert van Niekerk (Voorsitter), Wadala Mining & Consulting (EDMS) BPK

**SUB-KOMITEE VIR ARBEIDSAKE:** Gert van Niekerk (Voorsitter), Glen Urquhart

**SUB-KOMITEE VIR MYNVEILIGHEID:** Gert van Niekerk (Voorsitter), Anton Jacobs (Noord Wes) Johan Keyser (Noord Kaap), Mark Hunt (Noord Kaap)

Webtuiste: <http://sadpo.co.za/>

Lynette Kruger (Sekretaris) 071 8899 850

E-pos adres: [info@sadpo.co.za](mailto:info@sadpo.co.za) Faks no: 086 663 5737

